Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# EKONOMIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A – Positief ✓✓

1.1.2 B – Perfekte ✓✓

1.1.3 D – Korttermyn ✓✓

1.1.4 A – Vaste ✓✓

1.1.5 C – Vrye beweging van goedere en dienste tussen lande ✓✓

1.1.6 C – Horisontaal ✓✓

1.1.7 D – Multinasionale ✓✓

1.1.8 B – Verenigde Nasies (VN) ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 C – meganisme waar kopers en verkopers ontmoet om pryse van goedere te beding ✓

1.2.2 E – mag om ’n behoefte te bevredig ✓

1.2.3 F – in kleiner hoeveelheid gevra wanneer inkomste toeneem ✓

1.2.4 A – produksie en inset verhoog met dieselfde persentasie ✓

1.2.5 D – GI = GVK ✓

1.2.6 G – die verkryging van eienaarskap van besighede in ’n ander land in die vorm van geboue en kapitaaltoerusting ✓

1.2.7 H – sterk Westerse ekonomieë ✓

1.2.8 B – doelwit is om die stabilisering van kweekhuis-gaskonsentrasies in die atmosfeer te bereik ✓

(8 x 1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Nominale prys ✓

1.3.2 Homogeen ✓

1.3.3 Geleentheidskoste ✓

1.3.4 Klimaatsverandering ✓

1.3.5 Invoervervanging ✓

1.3.6 Eksternaliteit ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste.**

- Elektrisiteit ✓
- Water ✓
- Grondstowwe ✓
- Lone ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is die vraagkurwe van ŉ perfekte mededinger horisontaal skuins?**

- Die vraagkurwe is horisontaal skuins omdat die firma enige hoeveelheid goedere teen die heersende markprys kan verkoop, selfs ŉ klein styging in prys kan tot nul aanvraag lei ✓✓
- Dit dui aan dat die firma geen beheer oor die prys het nie ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Noem enige EEN voorbeeld van ŉ paar substituutgoedere/ -produkte.**

- Botter en margarien ✓
- Bees- en skaapvleis ✓
- Koffie en tee ✓
- Lugversorger en verkoeler ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1)

2.2.2 **Hoe is die verhouding tussen die prys en hoeveelheid van komplementêre goedere?**

- Negatief/indirek eweredig ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *substituutgoedere.***

- Substituutgoedere is goedere/produkte wat in die plek van ŉ ander gebruik kan word. ✓✓
- Dit is ŉ goed/produk wat maklik deur verbruikers met ander goedere/produkte vervang kan word. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.2.4 **Verduidelik kortliks *relatiewe prys* in ekonomie.**

- ʼn Relatiewe prys is die prys van een goed/produk met ander ✓✓
- Relatiewe prys vertel hoeveel goedkoper of duurder ʼn produk in vergelyking met ʼn ander produk is ✓✓
- Om ʼn relatiewe prys van ʼn produk te verkry, deel die prys van een produk deur ʼn ander. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.2.5 **Ondersoek die verband tussen die produk- en faktormarkte.**

- Produkmark kan nie sonder die faktormark bestaan nie ✓✓
- ʼn Toename in goedere en dienste in die produkmark sal tot ʼn toename in vraag na produksiefaktore in die faktormark lei ✓✓
- Produksiefaktore in die faktormark is slegs waardevol wanneer dit vir produksiedoeleindes in die produkmark benodig word ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem die tipe pryselastisiteit van vraag wat in die bostaande grafiek uitgebeeld word.**

Relatiewe elastiese vraag ✓ (1)

2.3.2 **Identifiseer die hoeveelheid goedere wat aangevra word wanneer die prys tot R80 styg.**

50 eenhede ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *pryselastisiteit van vraag*.**

Pryselastisiteit van vraag is die reaksie van die hoeveelheid gevra op die prysveranderings. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.3.4 **Verduidelik kortliks *duursaamheid* van die produk as ʼn determinant van pryselastisiteit van vraag.**

- Hoe duursamer ʼn produk is, hoe meer elasties sal die vraag wees ✓✓
- As die produk vir ʼn lang tyd hou, sal verbruikers deur prysstygings beïnvloed word en sal hulle meer huiwerig wees om die produk te koop ✓✓
- Produkte wat nie duursaam is nie, het ʼn onelastiese aanvraag ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.3.5 **Bereken die pryselastisiteit van vraag vanaf die bostaande grafiek. Toon ALLE berekeninge.**

$$\text{Pryselastisiteit van vraag} = \frac{\text{\% verandeling in hoeveelheid aangevra}}{\text{\% verandering in prys}}$$

$$\%\Delta\text{Hvld} = \frac{50 - 110}{110} \times 100 \checkmark$$

= 55%

$$\%\Delta\text{P} = \frac{80 - 65}{65} \times 100 \checkmark$$

= 23%
= 55%/23%

= 2,4% ✓✓ (4)

2.4 **Verduidelik kortliks, sonder die gebruik van 'n grafiek, *kruiselastisiteit van vraag*.**

- Kruiselastisiteit van vraag meet die reaksie van die hoeveelheid gevra van 'n spesifieke goedere op veranderinge in die prys van verwante goedere ✓✓
- Kruiselastisiteit van vraag fokus op die effek van prysstygings op ander goed ✓✓
- Hoe hoër die waarde van die kruiselastisiteit van vraag , hoe sterker sal die effek/uitwerking op die vraag na die verwante produk wees ✓✓
- Substituutgoedere sal 'n positiewe kruiselastisiteit van vraag hê, omdat die vraag na een produk styg wanneer die prys vir die Substituutgoedere toeneem ✓✓
- Items wat sterk substitute het, het 'n hoër kruiselastisiteit van vraag ✓✓
- Komplemente sal 'n negatiewe kruiselastisiteit van vraag hê namate die prys van een item toeneem, 'n item wat nou met daardie item geassosieer word en nodig is vir sy verbruik neem af omdat die vraag na die hoofgoed ook gedaal het ✓✓
- Kruiselastisiteit van vraag is nuttig vir besighede omdat hulle dit gebruik om pryse vir hul goedere en dienste vas te stel ✓✓
- Regerings, besighede en ekonome gebruik kruiselastisiteit van vraag om te bepaal wat die rimpeleffek van prysveranderings op verwante produkte sal wees ✓✓
- Regerings, ekonome en besighede sal dan meer versigtig wees om pryse of belasting te verhoog, want dit sal die verwante produk ook raak. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)

2.5 **Ondersoek die voordele van skaalbesparings vir die produsent.**

- Skaalbesparings is kostevoordele wat kan voorkom wanneer ŉ besigheid sy produksieskaal vergroot en meer doeltreffend word, wat tot ŉ verlaagde koste per eenheid lei ✓✓
- Die koste van produksie (insluitend vaste en veranderlike koste) word oor meer produksie-eenhede versprei wat groter ondernemings ŉ mededingende voordeel bo kleineres bied, want hoe groter die onderneming, hoe laer is sy koste per eenheid. ✓✓
- Besighede sal hul prysmededingendheid in globale markte kan verbeter ✓✓
- Besighede ervaar verhoogde winste, genereer ŉ hoër opbrengs op kapitaalbelegging en kan groei ✓✓
- Soos ŉ besigheid groei, stol dit en word minder kwesbaar vir eksterne bedreigings, soos vyandige oornames ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE soorte besoedeling.**

- Lugbesoedeling ✓
- Water-/seebesoedeling ✓
- Grond-/omgewingsbesoedeling ✓
- Geraasbesoedeling ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat is die negatiewe impak van globalisering op die omgewing?**

- Hernubare hulpbronne sal uitgeput/op raak as gevolg van buitensporige vraag na goedere en natuurlike hulpbronne sowel as die vlak van ontwikkeling wêreldwyd ✓✓
- Water, woude, plante en dierespesies word op groot skaal gebruik om steeds toenemende behoeftes en begeerte te bevredig ten koste van toekomstige geslagte ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Waar funksioneer maatskappye soos Du Pont en IBM?**

Wêreldwyd/Internasionaal ✓ (1)

3.2.2 **Skryf die akroniem NAVHA (NAFTA) voluit.**

- Noord-Amerikaanse Vryhandelsagentskap ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *vryhandel*.**

- Vryhandel is die beleid wat toelaat dat goedere en dienste oor internasionale grense gekoop en verkoop kan word met min of geen regeringstariewe, kwotas, subsidies of verbod om hul uitruil te beperk. ✓✓
- Vryhandel is die beleid waarvolgens 'n regering nie teen invoer diskrimineer of met uitvoere inmeng deur tariewe te hef nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

3.2.4 **Verduidelik kortliks die rol van die WHO (Wêreldhandelsorganisasie)**

- Hanteer die globale handelsreëls, om te verseker dat internasionale handel so glad, voorspelbaar en vrylik moontlik vloei ✓✓
- Moniteer internasionale handelsooreenkomste ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

3.2.5 **Hoe sal ontwikkelde lande daaruit voordeel trek om met Afrika-lande handel te dryf?**

- Hulle trek voordeel uit goedkoper arbeid uit Afrika-lande ✓✓
- Afrika-lande, veral Suid-Afrika, beskik oor 'n oorvloed van minerale hulpbronne wat skaars in ontwikkelde lande is. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Noem enige EEN oorsaak van globalisering.**

- Ontwikkeling van tegnologie ✓
- Kapitaal-liberalisering ✓
- Multinasionale ondernemings ✓
- Standaardisering ✓ (1)

3.3.2 **Noem die hoofelement van globalisering.**

Handel ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *globalisering*.**

Globalisering is die proses van interaksie tussen die lande van die wêreld om hul ekonomieë en samelewings bymekaar te bring om 'n globale ekonomie te ontwikkel. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

3.3.4 **Verduidelik kortliks *kulturele veranderinge* as 'n gevolg van globalisering.**

- Globalisering het daartoe gelei dat verskeie kulture saam gekom het ✓✓
- Mense van een kultuur ontdek tekortkominge in hul kultuur wanneer hulle met ander kulture in aanraking kom ✓✓
- Hulle neem aspekte van ander kulture wat meer met huidige tye in pas, aan ✓✓
- Samelewings het uitgebrei namate hulle mense van ander kulture en agtergronde ingeneem het en 'n hele nuwe kultuur van hul eie geskep het ✓✓
- Kookstyle, tale, musiekstyle, kunsvorme en gebruike het internasionaal as gevolg van globalisering versprei ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

3.3.5 **Hoe baat lande in die Suide by direkte buitelandse belegging?**

Lande in die Suide baat deur:
- Verhoogde indiensneming en inkomstegroei ✓✓
- Verbeterde ekonomiese groei en ontwikkeling ✓✓
- Uitbreiding van nywerhede binne die land ✓✓
- Uitbreiding van die belastingbasis wat tot meer inkomste vir die regering lei ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Tabuleer enige TWEE verskille om die Noord-Suid-verdeling te illustreer.**

| NOORD | SUID |
|---|---|
| Hoogs ontwikkelde infrastruktuur ✓✓ | Swak infrastruktuur ✓✓ |
| Hoë vlakke van produksie en verbruik ✓✓ | Lae vlakke van produksie en verbruik ✓✓ |
| Geïndustrialiseerde lande ✓✓ | Nie-geïndustrialiseer ✓✓ |
| Gemiddelde inkomste is baie hoog ✓✓ | Gemiddelde inkomste is laag ✓✓ |

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Enige 2 x 2 + Enige 2 x 2) (8)

3.5 **Ondersoek die negatiewe impak van ontbossing.**

- Wanneer woude skoongemaak word, word plantegroei wat as grondbedekking dien verwyder en soos reënwater daardeur vloei, word voedingstowwe asook ander organiese materiaal uitgespoel. ✓✓
- Die grond in baie ontboste streke is soortgelyk nie geskik vir die instandhouding van jaarlikse gewasprodukte nie. ✓✓
- Sodra bome weg is, kan groot hoeveelhede water tot blitsvloede lei, waarvan baie rampe in dele oor die wêreld veroorsaak het. ✓✓
- Dit kan die negatiewe uitwerking op die ekonomiese lewensvatbaarheid van verskeie besighede en aansienlike sterftes in die natuurlewehabitat tot gevolg hê. ✓✓
- Ontbossing lei tot die verlies van aansienlike hoeveelheid biodiversiteit, die uitsterwing en vernietiging van baie dier- en plantspesies, waarvan baie onbekend bly en waarvan die voordele onbekend sal bly. ✓✓
- Die verlies van bome en ander plantegroei kan klimaatsverandering, verwoestyning, gronderosie, minder oeste, oorstromings, verhoogde kweekhuisgasse in die atmosfeer en ŉ magdom probleme vir inheemse mense veroorsaak. ✓✓
- Die verwydering van woude het gronderosie verhoog en die dreinering van water in die riviere en mere in gevaar gestel. ✓✓
- Ontbossing lei daartoe dat minder water in die lug na die grond teruggekeer word, wat dan droër grond en onvermoë om gewasse te kweek veroorsaak. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE faktore wat die aanvraag na goedere en dienste beïnvloed.**

- Prys van die produk ✓
- Inkomste van verbruikers ✓
- Beskikbaarheid van substitute ✓
- Smaak en voorkeure van verbruikers ✓
- Modetendense ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom is dit belangrik om biodiversiteit te beskerm?**

Dit is belangrik om biodiversiteit te beskerm omdat:

- Biodiversiteit verwys nie net na spesies nie, maar ook na ekosisteem en verskille in gene binne ŉ enkele spesie ✓✓
- ŉ Gesonde ekosisteem voorsien skoon water, suiwer lug, reguleer klimaat, voorsien voedsel ens. ✓✓
- Mense maak ook staat op gesonde ekosisteem om medisyne, brandstof en energie, suurstof om asem te haal ens., te verskaf. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Noem die graad van pryselastisiteit van aanbod wat gelyk aan 1 is.**

Eenheidspryselastisiteit van aanbod ✓ (1)

4.2.2 **Gee die formule wat gebruik word om pryselastisiteit van aanbod te bereken.**

$$PES = \frac{\%\Delta \text{ van hoeveelheid voorsien}}{\%\Delta \text{ in prys}}$$ ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *aanbod*.**

Aanbod is die hoeveelheid van ʼn produk of diens wat teen ʼn spesifieke prys aan verbruikers beskikbaar is. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

4.2.4 **Verduidelik kortliks *onverwante produkte*.**

- Onverwante produkte het geen kruiselastisiteit van vraag waarde nie ✓✓
- Hulle bestaan onafhanklik ✓✓
- Produk **A** het niks met produk **B** te doen nie. ✓✓ (2)

4.2.5 **Hoekom is pryselastisiteit van aanbod belangrik?**

- Dit meet hoeveel die hoeveelheid van ʼn produk of diens gelewer reageer op ʼn verandering in prys. ✓✓
- Dit is nodig vir ʼn firma om te weet hoe vinnig en doeltreffend dit op veranderende marktoestande kan reageer, veral prysveranderings. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer EEN effek van aardverwarming uit die uittreksel.**

Smelt van gletsers ✓ (1)

4.3.2 **Noem die hoofoorsaak van aardverwarming.**

Menslike aktiwiteite ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *aardverwarming*.**

Aardverwarming is die geleidelike toename in die algehele temperatuur van die aarde se atmosfeer wat algemeen toegeskryf word aan die kweekhuiseffek wat veroorsaak word deur verhoogde vlakke van koolstofdioksied en ander besoedelingstowwe ✓✓/ Aardverwarming is die langtermynverhitting van die aarde se klimaatstelsel as gevolg van menslike aktiwiteite, hoofsaaklik die verbranding van fossielbrandstof, wat die hittevangende kweekhuisgasvlakke in die aarde se atmosfeer verhoog. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)


4.3.4 **Verduidelik kortliks die belangrikheid van omgewings-volhoubaarheid.**


Volhoubaarheid is belangrik omdat:
- Mense moet binne die perke van die omgewing leef ✓✓
- Dit verbeter die kwaliteit van mense se lewens, beskerm die ekosisteem en bewaar natuurlike hulpbronne vir toekomstige generasies. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

4.3.5 **Ondersoek die negatiewe impak van gevaarlike afval.**

Gevaarlike afval kan:
- ŉ Bedreiging vir menslike gesondheid en omgewing inhou ✓✓
- Versprei en besoedel lug, water en grond ✓✓
- Beïnvloed produktiwiteit deur grondwaterbronne te besoedel en stel plant- en dierelewe in gevaar ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

4.4 **Met behulp van grafieke vergelyk ekonomiese en normale winste in ŉ perfekte mark.**




| **Puntetoekenning** | |
|---|---|
| Korrekte tekening en byskrifte van kostekrommes in elke grafiek | = 1 punt |
| Korrekte tekening en byskrifte van inkomstekrommes in elke grafiek | = 1 punt |
| Ekonomiese winsgebied | = 2 punte |
| Normale winsgebied | = 2 punte |
| Benoeming van die as in elke grafiek | = 1 punt |
| | Maksimum = 8 punte |

(8)

4.5 **Evalueer die voordele van die Suid-Afrikaanse ekonomie geïntegreer met ander lande.**

- Ekonomiese integrasie lei dikwels tot ʼn verlaging in die koste van handel ✓✓
- Daar sal verbeterde beskikbaarheid van goedere en dienste wees en winste in doeltreffendheid wat tot groter koopkrag lei ✓✓
- Indiensnemingsgeleenthede is geneig om te verbeter omdat handelsliberalisering tot markuitbreiding, tegnologiedeling en oorgrensbelegging lei ✓✓
- Politieke samewerking tussen lande kan ook verbeter as gevolg van sterker ekonomiese bande, wat ʼn aansporing bied om konflikte vreedsaam op te los en lei tot groter stabiliteit ✓✓
- Suid-Afrika sal by verbeterde direkte buitelandse investering baat vind. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail die kenmerke van ŉ monopolie. (26 punte)**
- **Hoe oorleef ŉ monopolistiese mededingende firma kompetisie in die mark? (10 punte)**

**INLEIDING**
Monopolie bestaan wanneer daar net een verkoper van ŉ produk is, met geen nabye substitute nie en toetrede tot die mark heeltemal geblokkeer word. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks. 2)

**HOOFGEDEELTE**
**Aantal produsente** ✓
- Die monopolis is die enigste verkoper in die bedryf en het volle beheer oor die verskaffing van ŉ produk ✓✓
- Dit verteenwoordig die totale bedryf, met volledige markkrag ✓✓ bv. De Beers, Eskom ✓
- Dit stel die monopolis in staat om aansienlike invloed op die kopers uit te oefen ✓✓

**Aard van die produk** ✓
- Die produk is uniek en het geen nabye plaasvervangers nie ✓✓
- Bv. elektrisiteit en kleinhandelvervoer ✓
- Kopers kan slegs by die monopolie koop of sonder die produk gaan ✓✓

**Wins** ✓
- Die monopolie maak ŉ korttermyn verlies en ekonomiese winste op beide die kort en lang termyn ✓✓
- Dit is meer waarskynlik dat die massiewe markkrag en hoë pryse sal verseker dat dit bonormale winste maak ✓✓

**Tegniese meerderwaardigheid** ✓
- Monopolie het ŉ tegniese voordeel bo potensiële mededingers ✓✓
- Sy toegang tot hulpbronne en tegniese meerderwaardigheid maak dit vir ander moeilik om mee te ding ✓✓
- Dit kan die monopolis vir ŉ geruime tyd in sy posisie hou, byvoorbeeld in die rekenaarsagteware-industrie ✓✓

**Beheer oor pryse** ✓
- ŉ Monopolie het volle beheer oor die prys van ŉ produk of diens – maar dit word beperk deur aanvraag om buitensporige hoë pryse te vra ✓✓
- Dit beheer die prys deur uitset te manipuleer en te beperk om ŉ tekort te skep wat ŉ styging in pryse veroorsaak ✓✓
- Monopolieë is dus prysmakers omdat hulle die mag het om hul eie prys te bepaal ✓✓
- ŉ Monopolie kan slegs besluit op watter punt op die vraagkromme hy wil produseer ✓✓

**Gunstige omstandighede** ✓
- Soms kan entrepreneurs gunstige omstandighede in ŉ sekere geografiese gebied geniet ✓✓
- Bv. daar mag net een verskaffer van melk, ŉ hardewarewinkel of hotel in ŉ spesifieke dorp wees ✓✓
- Daar kan selfs wette wees wat die mark beskerm, bv. poskantore in Suid-Afrika ✓✓

**Markinligting** ✓
- ŉ Monopolie het volle kennis van al die huidige marktoestande omdat dit die enigste verkoper in die mark beskikbaar is wat die bedryf as ŉ geheel verteenwoordig ✓✓
- Nuwe firmas wat die mark wil betree, sal nie dieselfde inligting tot hulle beskikking hê nie en dit belemmer hul vermoë om die mark te betree ✓✓
- Monopolieë weerhou inligting van verbruikers as sodanig is dit moeilik vir hulle om ingeligte besluite te neem aangesien hulle dalk nie ten volle bewus is van die behoeftes van verbruikers nie ✓✓

**Uitbuiting van verbruikers** ✓
- Die monopolis produseer dalk minder produkte teen ŉ hoër prys in vergelyking met besighede onder volmaakte mededinging ✓✓
- Bv. De Beers, omdat die monopolis die enigste produsent van die produk in die mark is, is daar altyd die moontlikheid van verbruikersuitbuiting.
- Die meeste regerings neem stappe om teen sulke praktyke te waak en nuwe en bestaande monopolieë word gewoonlik goed gemonitor ✓✓

**Marktoetrede** ✓
- Toegang tot die mark is heeltemal geblokkeer en dit is onmoontlik vir ander besighede om die mark te betree ✓✓
- Sommige monopolieë word deur wetgewing wat deur die regering aanvaar word geskep wat een firma eksklusiewe reg gee om ŉ spesifieke produk te vervaardig ✓✓
- Die regering kan patente, lisensies en kopiereg gebruik om marktoetrede te beperk en te verhoed dat ongewenste of onbevoegde firmas die mark betree ✓✓
- Die hindernisse verhoed dat ander produsente die mark betree om dieselfde tipe produk te verskaf ✓✓
- Hoë aanvangskoste sluit kapitaalinvestering en navorsing en ontwikkeling in wat vir ander firmas moeilik kan wees om te bekostig ✓✓

**Skaalbesparings** ✓
- Die blote grootte van die groot besigheid gee dit ŉ kostevoordeel bo ŉ kleiner mededinger en dit sal dit onmoontlik maak vir die kleiner besigheid om mee te ding ✓✓

  (ŉ Maksimum van 8 punte vir blote lys van feite/voorbeelde)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Monopolistiese mededingende firma oorleef deur nie-prysmededinging deur te gebruik, deur:

- Gedifferensieerde produkte aan te bied wat dit minder pryselasties maak ✓✓
- Kompeteer op grond van nie-prysfaktore ✓✓
- Gebruik handelsmerk om verskille aan te dui wanneer daar met ander verskaffers in die mark gemeeding word ✓✓
- Aggressiewe advertensieveldtogte wat van stapel gestuur kan word om klante te lok ✓✓
- Verlenging van inkopie-ure wat vir kliënte geriefliker sal wees om van hul dienste gebruik te maak, bv. 24-uur diens ✓✓
- Die verskaffing van gratis aflewerings binne ŉ sekere reeks besigheid wat ŉ verskansing bo ander mededinging verseker ✓✓
  (ŉ Maksimum van 2 punte vir blote lys van feite en voorbeelde.)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10)

**SLOT**

Produsente moet kies en die beperkte hulpbronne verstandig aanwend om meer goedere teen die hoogste moontlike prys te produseer, want nie alle geleenthede lewer dieselfde beloning nie. ✓✓

Daar is nie ruimte vir monopoliefirmas in ŉ gemengde ekonomie soos in Suid-Afrika nie, aangesien dit tot verbruikersuitbuiting, onregverdige mededinging en buitensporige hoë pryse lei ✓✓

ŉ Monopolie het ŉ neiging om verbruikers uit te buit, so dit is baie belangrik dat hulle ŉ semistaatsinstelling is of deur die regering gemonitor word. ✓✓

(Aanvaar enige ander hoë-orde gevolgtrekking.) ( Maks. 2)

**[40]**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

- **Bespreek in detail maatreëls wat deur die regering gebruik is om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)**
- **Hoe kan verbruikers bydra om die agteruitgang van die omgewing te verminder? (10 punte)**

**INLEIDING**
Omgewingsvolhoubaarheid behels ontwikkelings om in die behoeftes van die huidige generasie te voorsien sonder om die vermoë van toekomstige generasie om in hul behoeftes te voorsien, in gevaar te stel. ✓✓
Dit is die vermoë van die omgewing om die gebruik daarvan vir toekomstige ekonomiese aktiwiteit, te oorleef. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks. 2)

**HOOFGEDEELTE**
**Toekenning van eiendomsreg** ✓

- Eiendomsregte is titels op die eienaarskap van vaste eiendom wat deur die wet afgedwing word ✓✓
- Hulle het 'n bewaringseffek aangesien hulle verseker dat mense goed na die hulpbronne wat aan hulle behoort omsien en enigiets sal doen om hulle teen agteruitgang te beskerm ✓✓
- Mense word eiendomsreg toegeken om te voorkom dat fauna en flora uitsterf en dit het min koste vir die belastingbetaler ✓✓
- Eiendomsregte regte kan na algemene goedere uitgebrei word soos skoon lug waar die slagoffers die besoedelaars kan aankla vir die reg om te besoedel ✓✓
- Eiendomsreg bemagtig eienaars om kontrakte met besighede te onderhandel wat die gebied se hulpbronne wil ontgin ✓✓

**Bevel en beheer** ✓

- Die regering neem soms direkte beheer om die omgewing te onderhou ✓✓
- Dit behels dat die regering minimum aanvaarbare vlakke van omgewingskwaliteit en maksimum toegelate vlakke van uitlaatgasse of hulpbrongebruik stel ✓✓
- Inspekteurs monitor die aktiwiteite en lê boetes op indien die vasgestelde vlakke nie nagekom word nie ✓✓
- Daar is drie benaderings tot die ontwerp van bevel- en beheerstelsels:
  - Hoeveelheidstandaarde wat fokus op hoeveelhede besoedeling wat veroorsaak word, bv. gasvrystellings ✓✓
  - Gehaltestandaarde wat op omgewingsimpak fokus, byvoorbeeld standaarde word gestel vir lug- en watersuiwerheid ✓✓
  - Sosiale impakstandaarde wat fokus op die negatiewe effek op mense ✓✓

**Hef omgewingsbelasting** ✓
- Dit is belasting wat deur die regering gehef word om die omgewing teen mense en besighede te beskerm ✓✓
- Dit kan op die uitset of verbruik van ŉ goed afgedwing word waar eksterne omgewingskoste ookal gegenereer word ✓✓
- Dit staan ook as groenbelastings bekend, bv. belasting op bande ✓✓
- Dit sal as ŉ aansporing vir produsente dien om besoedeling te verminder ✓✓
- Die doel van groenbelasting is om te verseker dat besoedelaars die koste dra ✓✓
- Omgewingsbelasting (groenbelasting) kan by die koste van goedere en dienste gevoeg word vir die negatiewe impak wat dit op die omgewing het ✓✓
- Belasting kan op petrol, papier, vrystelling van gasse ens., gehef word ✓✓
- In 2003 het die regering die gebruik van bio-afbreekbare plastieksakke wat verbruikers voor moes betaal deur wetgewing afdwing ✓✓
- Die hoop is dat hulle minder sakke sal gebruik en rommelvrye omgewing sal verseker ✓✓

**Betaal omgewingsubsidies** ✓
- Subsidies kan toegeken word aan besighede wat bereid is om besoedeling en afval te verminder, wat hulle aanmoedig om omgewingsvriendelike maniere van produksie te gebruik ✓✓
- Subsidies kan vir die ontwikkeling van nuwe tegnologie of toerusting wees (bv. sonenergie, verminder rook), omgewingsvriendelike substitute (bv. loodvrye petrol) herwinning van afval (bv. bottels, blikkies, karton, ens.) ✓✓
- Emissiegasse van fabrieke kan verminder word deur nuwe tegnologie te gebruik ✓✓

**Reik bemarkbare permitte uit** ✓
- Die regering bepaal eers die hoeveelheid besoedeling wat elke firma in die gebied toegelaat word om te skep ✓✓
- Dan kan die regering dalk vir die besoedeling hef en kan ŉ belasting verhoog om daarvoor te betaal ✓✓
- Bemarkbare permitte/lisensies word aan die besighede verkoop wat hulle in staat stel om tot ŉ sekere mate te besoedel ✓✓
- Indien firma meer wil besoedel as wat dit toegewys is, kan dit sekere permitte koop van daardie firmas in die area wat minder gebruik as hul toekennings ✓✓
- Die permitte word verkoop teen pryse wat deur vraag en aanbod op die mark bepaal word ✓✓
- Die doel van bemarkbare permitte is om firmas aan te moedig om tegnologieë te vind wat besoedeling verminder ✓✓
- Emissieheffing is gebaseer op die hoeveelheid en/of inhoud van besoedelingstowwe wat in die omgewing vrygestel word ✓✓
- Hoe meer besoedeling die firma skep, hoe meer betaal hy aan emissie-heffings ✓✓

**Onderwys** ✓
- Die regering moet opvoedkundige veldtogte hê om bewustheid oor omgewingsagteruitgang en die gevolge daarvan te skep ✓✓
- Die insluiting van onderwerpe oor omgewingsvolhoubaarheid in die skoolkurrikulum bevorder bewustheid ✓✓
- Onderrig maak mense bewus van die impak van hul optrede op die omgewing ✓✓
- *Greening the Nation-program* is 'n program wat daarop gemik is om bewustheid onder leerders en gemeenskapslede te skep van die behoefte om bome te plant om teen aardverwarming te help ✓✓

**Vrywillige ooreenkomste** ✓
- Dit is ooreenkomste tussen die regering en besighede vrywillig om negatiewe omgewingsimpakte van nywerhede aan te spreek ✓✓
- Besighede verkies meestal onderhandelinge sodat hulle hul spesifieke behoeftes kan pasmaak en dit by hul beplanning kan insluit ✓✓
- Ooreenkomste kan formeel wees, wat wetlik bindend kontrak of informeel is. ✓✓
- Regering en besighede kom bymekaar en maak formele ooreenkomste ✓✓ om besoedeling te verminder sonder om drastiese maatreëls soos om wette en regulasies in te stel, te gebruik ✓✓
- Besighede verkies vrywillige ooreenkomste omdat dit by hul omstandighede pas ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Verbruikers kan bydra deur:
- herwinning van afvalmateriaal om besoedeling en klimaatsverandering te verminder ✓✓
- vermy die verbranding van fossielbrandstof en veldbrande ✓✓
- loodvrye petrol gebruik ✓✓
- vermy rommelstrooiing, maak eerder gebruik van dromme vir afval-materiaal ✓✓
- betrokke te wees by skoonmaakveldtogte in hul gemeenskappe ✓✓
- die gebruik van omgewingsvriendelike en energiebesparende goedere, bv. fluoresserende gloeilampe, sonkrag-geisers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Maksimum 2 punte vir blote lys van feite en voorbeelde.) (Maks. 10)

**SLOT**

Ten spyte van maatreëls wat deur die regering getref is om die omgewing te onderhou, is dit belangrik dat alle deelnemers in die ekonomie hande vat en maatreëls op 'n morele grondslag tref om omgewingsbesoedeling en-agteruitgang te verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks. 2) (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou